MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 6 | 23 APRIL 2026

SKOOLSAKE

Klik op die logo hier onder vir meer inligting

Akademie

Sport

Kultuur

VAN DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Every day you show up, you are investing in your future self. Do not underestimate the power of attendance.

– Unknown

We are what we repeatedly do. Excellence, then, is not an act, but a habit."
– Aristotle

Allereers 'n groot woord van dank aan die ouers wat verseker dat hulle kinders so getrou skool en skoolaktiwiteite bywoon. Ons skoolkalender laat ruim geleenthede toe om te ontspan en weg te breek te midde van ons bedrywige program. Op die vooraand van juis so 'n breek wil ek graag die erns van skoolbywoning benadruk. Skoolbywoning is verpligtend en nie opsioneel nie, enersyds is dit die regte ding om te doen, en andersyds mis leerders te veel akademiese werk as hulle voortdurend afwesig is. 'n Groot deel van ons akademiese sukses lê gewortel in die feit dat ons baie meer onderrigtyd as die gemiddelde openbare skool het.

Midstream College se matrieks het voor die eindeksamen nét 'n rekordeksamen van ongeveer 5 weke terwyl verskeie openbare skole 13 weke eksamen skryf (5 tot 6 weke Junie-eksamen en 6 tot 7 weke rekordeksamen). Laat weet asseblief u kinders se registeronderwyser betyds indien hulle afwesig sal wees, en verskaf ook 'n geldige rede daarvoor. Leerders wat herhaaldelik, veral op Maandae en Vrydae, afwesig is se hertoelating vir 2027 sal in gedrang kom, en matrieks kan vir die eindeksamen gederegistreer word.

Voorts wil ek graag die leerders en onderwysers, betrokke by ons buitemuurse aktiwiteite, eer. Dankie vir julle positiewe Carpe Diem-gesindheid. 'n Spesiale saluut aan almal betrokke by hierdie naweek se sport, so op die vooraand van ons einde-April-breek. Die College bied leerders verskeie geleenthede op buitemuurse gebied. Vir diegene wat hierdie geleenthede by hulle laat verbygaan, wil ek met die wyse woorde van Mark Zuckerberg laat:

The biggest risk is not taking any risk... In a world that is changing really quickly, the only strategy that is guaranteed to fail is not taking risks.

In die lig van die interessante weerpatrone wat ons tans ervaar, het leerders reeds vanaf vandag die vergunning om óf volle somers- óf volle wintersdrag te dra. Die finale oorgang sal later gefinaliseer word. Leerders mag ook tydens Junie- en Juliemaand sweetpakke as alternatief skool toe dra.

Rus lekker en laai julle batterye vir die bedrywige res van die kwartaal.

LOST & FOUND & TWEEDEHANSE KLEREWINKEL

Lost and Found is van Maandag tot Vrydag van 07:00 tot 08:00 oop en is smiddae gesluit. Navrae oor verlore items moet persoonlik gedoen word, aangesien die vrywilligers nie op navrae via teksboodskappe of WhatsApp reageer nie. Verlore items word slegs vir een maand gehou.

Die tweedehandse klerewinkel is Maandag- en Woensdagoggend van 07:00 tot 08:00 oop. Alternatiewe tye vir die middae word weekliks op die WhatsApp-profielfoto (082 520 0478) opgedateer.

SKOOLBYWONING

Ons versoek ouers om, in samewerking met die skool, die beste moontlike akademiese prestasie van ons leerders te help verseker. ’n Belangrike aspek hiervan is gereelde skoolbywoning, wat nie agterweë gelaat mag word nie. Indien ’n leerder afwesig is, versoek ons dat u as ouers dit so vroeg as moontlik met die graadhoofde en registerpersoneel deel. Soos die reël vereis, moet alle afwesighede met geskeduleerde assesserings deur ’n geldige mediese sertifikaat gestaaf word, voordat 'n alternatiewe toets geskeduleer kan word.
Ons neem kennis dat sommige leerders op Maandae en Vrydae afwesig is. In die toekoms sal leerders versoek word om 'n mediese sertifikaat vir hul afwesigheid op daardie dae in te dien indien hierdie tendens voortduur.

WINTERSWEETPAKKE

Die Uniform Shop het nou die nuwe wintersweetpakke in voorraad. Gesien in die lig van die feit dat leerders tydens Junie en Julie sweetpakke skool toe mag aantrek, is dit ‘n opsie wat u kan oorweeg.